PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR :1 van 2024

AAN : **ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE**

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

PENSIOENFONDSBYDRAES

Ek herinner u graag daaraan dat die Predikante en Amptenare Pensioenfonds in Oktober 2020 saamgesmelt het. Hierdie samesmelting het die gevolg gehad dat kostes afgebring is en dat amptenare vanaf daardie datum ook met die groep- en gadeversekeringskemas kon voortgaan na aftrede. Dit het ook die gevolg gehad dat lidmaatskap van die Fonds vir alle amptenare verpligtend geword het. Ek het meer hieroor in my omsendskrywe 9 van 2023 vertel.

Soos in my eerste omsendskrywe van laas jaar genoem, is daar steeds verskille in die voordele wat die Fonds vir die twee kategorieë van lidmaatskap bied en word daar 'n onderskeid in kostes en kategorieë getref. Predikante word as kategorie 1 aangedui en amptenare as kategorie 2.

Behalwe die Sanlam administrasiefooi en die beleggingskonsultasiefooi, het die kostes of afgekom (die goedgekeurde risikovoordele), of dieselfde gebly (die nie-goedgekeurde risikovoordele). Vir begrotingsdoeleindes, kan u dieselfde premies vir alle voordele gebruik soos dit tans op die web verskyn. Die administrasiekoste, beleggingskonsultasiefooi en goedgekeurde risikovoordele raak nie u begroting nie.

Volledigheidshalwe word hierdie inligting hieronder in tabel-formaat herhaal. Die veelvoud van voordele bly dieselfde soos vir 2023.

Kategorie 1 (Predikante)

Tipe Voordeel	Voordeel betaalbaar
Sterftevoordeel binne Fonds ("goedgekeurde" voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)	4 x pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris
Sterftevoordeel Buite die fonds ("nie-goedgekeurde" voordeel en wat belastingvry uitbetaal)	4 x pensioengewende salaris
Gadeversekering	1,25 x pensioengewende salaris
Enkelebedrag ongeskiktheidsvoordeel	3 x pensioengewende salaris

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds:
Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith

Die premies vir bogenoemde voordele is soos volg: (teenoor Maart 2023 se premies):

Voordeel	Premies soos op 1 Maart 2023	Nuwe premies miv 1 Maart 2024 (Persentasie van pensioengewende salaris)
Groeplewensversekering (sterftevoordeel buite die fonds - begrotingsitem)	1,335%	1,335% Werkgewer betaal 50% en lid betaal 50%
Gadeversekering (begrotingsitem)	0,2250%	0,2250% Lid betaal ten volle
Enkelbedrag ongeskiktheid (begrotingsitem)	0,5420%	0,5420% Werkgewer betaal ten volle
Ongeskiktheidsinkomste (nie begrotingsitem nie)	1,0820%	0,9200%
Sterftevoordeel binne die Fonds (nie begrotingsitem nie)	1,4450%	1,2280%

Waar daar 'n begrotingsitem aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal.

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2024 vir werkgewers en werknemers (bly onveranderd):

	Bydraekategorie						
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**	**7**
Werknemer-bydrae	4,2%	5%	6,1%	7%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	9,3%	10%	11,4%	13%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	13,5%	15%	17,5%	20%	22,5%	25%	27,5%

Kategorie 2: Amptenare

Net soos vir die Predikante (omdat die Fonds as één hanteer word) is die goeie nuus dat ná die jongste hersiening van die voordele en kostes ontvang is, daar geen verandering van laas jaar Maart is nie. Vir begrotingsdoeleindes, kan u dieselfde premies vir alle voordele gebruik soos dit tans op die web verskyn.

Volledigheidshalwe word hierdie inligting hieronder in tabel-formaat herhaal. Die veelvoud van voordele bly dieselfde soos vir 2023.

Tipe Voordeel	**Voordeel betaalbaar**
Sterftevoordeel binne Fonds ("goedgekeurde" voordeel en wat belasbaar is by uitbetaling)	3 x pensioengewende salaris
Ongeskiktheidsinkomste	75% van pensioengewende salaris
Groeplewensversekering ("nie-goedgekeurde" voordeel en wat belastingvry uitbetaal)	2 x pensioengewende salaris
Gadeversekering	1 x pensioengewende salaris
Enkelebedrag ongeskiktheidsvoordeel	3 x pensioengewende salaris

Die premies vir bogenoemde voordele is soos volg: (teenoor Maart 2023 se premies):

Voordeel	**Premies soos op 1 Maart 2023**	**Nuwe premies miv 1 Maart 2024 (Persentasie van pensioengewende salaris)**
Groeplewensversekering (Sterftevoordeel buite die Fonds - "nie-goedgekeurde" voordeel - begrotingsitem)	0,8260%	0,8260% 50% word deur werkgewer betaal en 50% deur die lid
Gadeversekering (begrotingsitem)	0,972%	0,972% Lid betaal ten volle
Enkelbedrag ongeskiktheid (begrotingsitem)	0,156%	0,156% Werkgewer betaal ten volle
Ongeskiktheidsinkomste (nie- begrotingsitem nie)	1,0820%	0,9200%
Sterftevoordeel binne die Fonds (nie- begrotingsitem)	1,2690%	1,0790%

Waar daar ‘n begrotingsitem aangedui word, beteken dit u moet die geld saam met die bydraes oorbetaal.

Bydraekategorieë vanaf 1 Maart 2024 vir werkgewers en werknemers (bly onveranderd):

	Bydraekategorie					
	1	**2**	**3**	**4**	**5**	**6**
Werknemer-bydrae	Gesluit	7,5%	5%	7,5%	7,5%	7,5%
Werkgewer-bydrae	Gesluit	13%	8,5%%	15%	17,5%	20%
Totale bydrae	**Gesluit**	**20,5%**	**13,5%**	**22,5%**	**25%**	**27,5%**

Algemeen: vir beide Predikante en Amptenare

Let asseblief daarop dat al die maandelikse bydraes en/of premies agteruit betaalbaar is, dit wil sê die bydraes en/of premies is betaalbaar einde Maart, geldig vanaf 1 Maart. Dit is baie belangrik om daarop te let dat die bydraes laastens teen die 7de van die maand wat volg op die maand waarvoor die premies betaalbaar is, inbetaal moet wees. Die Pensioenfondswet vereis dit. Indien dit na die datum inbetaal word, sal daar rente op die laat betaling van die bydraes gehef word teen ‘n rentekoers soos bepaal deur die Wet.

Alle werkgewers/predikante en amptenare het die keuse om miv 1 Maart 2023 pakkette te struktureer, gegewe enige verhogings wat toegestaan is.

U kan opskuif na ‘n hoër of laer bydraekategorie in Maart en September van elke jaar.

Die Fonds se operasionele koste (administrasie en konsultasie)

Omdat hierdie kantoor baie navrae kry oor die administrasie, konsultasie en ander kostes verbonde aan die bedryf van die Fonds (soos dit op die *retirementfundweb* beskikbaar is) gee ek graag hierdie koste ook aan u. Hierdie kostes word volgens wet van die werkgewer se bydraes verhaal. (Hierdie is nie ‘n begrotingsitem nie):

Komponent	**Premie/koste vir Maart 2023**	**Premie/koste vanaf Maart 2024**
Sanlam Administrasie (Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare)	0,2660%	0,2793%
Konsultasie (Dieselfde vir beide Predikante en Amptenare)	0,1290%	*0,1290%

* **Efficient Benefit Consulting** se fooi is vir drie jaar gewaarborg en bly dus dieselfde vir 2024.

Simeka se beleggingskonsultasie-diens se fooi het effe verhoog na 0,02% van die markwaarde van bates miv 1 November 2023. Die opbrengs op die bates word altyd weergegee as netto van kostes (met ander woorde, nadat die kostes verhaal is).

Sanlam hef ook 'n beleggingsfooi (batebestuursfooi) en vir die *Sanlam Wealth Creation Portolio* (die nuwe verstek portefeulje miv 1 Oktober 2022 bly dit 0,68% van bates. Lede wat hul eie portefeuljes kies, is onderworpe aan 'n ander fooistruktuur. Hierdie fooie is op die web beskikbaar.

Die mediese bewysvrye limiete het ook dieselfde gebly teenoor laasjaar. Enkele predikante was versoek om bewys van gesondheid te lewer vir hul gades, byvoorbeeld, omdat die daardie limiet oorskry was. U kan meer inligting hieroor van die kantoor versoek.

Begrafnisskema

Miv 1 November van 2023, het die Fonds 'n nuwe diensverskaffer vir die begrafnisskema aangestel. Dit was Sanlam Groep Risiko (Eng: *Sanlam Group Risk*). Hulle het die funksie by Sanlam Sky oorgeneem. Daar is heelwat omsendskrywes hieroor uitgestuur en is daar ook kommunikasie van Sanlam Groep Risiko aan werkgewers uitgestuur. Die premies moes vanaf 1 November 2023 (betaalbaar einde November 2023) aan Sanlam Groep Risiko betaal word en wel gekoppel aan 'n verwysingsnommer wat uniek aan elke werkgewer is. In kort, is die premies soos volg vir die twee opsies en is geldig vir 2024:

Voordeel	Opsie 1	Opsie 2
R 15 000 voordeel	R16.80	R36.00
Aanvullende voordeel (R5 000)	R18.00	R 21.60
Totaal	**R34.80**	**R57.60**

Die Fonds se bedryfskoste (kantoor en bestuur)

U word daaraan herinner dat daar 'n heffing vir die pensioenkantoor- en bestuurskomitee-uitgawes betaalbaar is. Hierdie heffing is deur elke geregistreerde werkgewer betaalbaar en beloop R100,00 per werkgewer (en nie per lid nie).

Die bankrekening waarin dit betaal moet word, is soos volg:

- Rekeningnaam: NG Kerk van Transvaal: Predikante en Amptenare Pensioenfonds
- Rekeningnommer: 41-0240-3942
- Tipe rekening: Tjek
- Tak naam: ABSA Sandton City
- Tak nommer: 632005

U kan gerus vir Me Classina Cornelius (voorheen van Goudland Sinode) kontak vir meer besonderhede. Sy sal die inbetalings monitor per werkgewer-lys van elke sinode. Haar epos adres is savannahpayroll@gmail.com

Die heffing sal steeds vir die afsienbare toekoms nie verhoog word nie.

Korrektheid van data en begunstigde benoemingsvorms

Ek herhaal graag die onderstaande inligting wat ek laasjaar aan u gestuur het:

Saakgelastigdes/skribas/administrateurs by gemeentes en instellings wat gelas is met die oorbetaling van maandelikse bydraes en premies op die web, moet asseblief verseker dat hul

leraars/amptenare se persoonlike besonderhede op die web korrek is aangesien hulle by magte is om dit te verander. Dit is krities belangrik dat lede se selfoonnommers en e-posadresse op die web aangebring word aangesien dit in die toekoms ‘n belangrike manier gaan wees om elektronies, direk met lede te kommunikeer. Daar kan reeds miv Oktober 2018, begunstigde benoemingsvorms direk op die web gelaai word, maar dan moet die lid self dit doen nadat hy/sy op die web geregistreer is. Dit sou tog raadsaam wees om steeds ‘n harde kopie van hierdie vorm by u kantoor op leêr te hou. (Indien u navrae oor die web het, skakel gerus die webspan by 0861 223 646).

Nuwe ledegids en administrasiehandleiding

Ons is amper klaar met ‘n opgedateerde ledegids en administrasiehandleiding. Ook dít sal eersdaags aan u versprei word en sal natuurlik ook op die web beskikbaar wees.

Aftree- en inligingsessies

Daar sal hierdie jaar weer aandag gegee word aan inligtingsessies en aftreesessies vir lede binne vyf jaar van aftrede. Ek sal per omsendskrywe u van die datums en plekke in kennis stel.

Beleggingsopbrengs

Volgens die lewenssiklus-model van beleggings volgens ouderdom, word jonger lede op die langer termyn goeie blootstelling aan groeibates gebied (*Wealth* Creation *Portfolio*) terwyl ouer lede beskerm word deur hul geld geleidelik in ‘n waarborg portefeulje (*Capital Protection Portfolio* oftewel *Stable Bonus Portfolio*) te plaas.

Die Bestuurskomitee van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds is steeds gemaklik dat die lewenssiklusmodel van beleggings die beste uitkomste vir lede op die langer termyn bied. Detail oor elke portefeulje se blootstelling aan bateklasse, risiko, opbrengs ensovoorts, is op die web beskikbaar. U kan gerus die pensioenkantoor kontak vir die maandelikse opbrengste en feiteblaaie.

Vir maklike verwysing, heg ek die beleggingsopbrengs vir die verskillende portefeuljes vir u aandag aan. Die syfers is tot en met Desember 2023. Ek heg ook ekonomiese kommentaar oor die afgelope jaar vir u aan.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH

PENSIOENFONDSBESTUURDER